RE:BOOT
JOU LEWE

Johan Delport

ISBN N/A (Print)
ISBN N/A (e-Book)

Eerste publikasie: Augustus 2020 deur Tygerberg Gesinskerk
info@gesinskerk.co.za / www.gesinskerk.co.za

Voorblad foto deur **bert sz** by **Unsplash.com**

Inhoudsopgawe

Spesiale dankbetuiging	3
Voorwoord	5
Inleiding	7
WEEK 1: RE:BOOT Jou verhouding met die Here	13
Hoe weet ek dat ek ‘n kind van God is?	21
WEEK 2: RE:BOOT Jou Lewe	25
WEEK 3: RE:BOOT Jou Huwelik	33
WEEK 4: RE:BOOT Jou Gesinslewe	41
WEEK 5: RE:BOOT Jou Gesondheid	49
WEEK 6: RE:BOOT Jou Getuienis	57
WEEK 7: RE:BOOT Jou Beroep	63
WEEK 8: RE:BOOT Jou Finansies	69
Slotwoord	77
Ander Bybelstudies	79

Spesiale dankbetuiging

Paulus sê in **Galasiërs 6:2** dat ons mekaar se laste moet dra. Soms is hierdie laste tekortkominge.

Wanneer ‘n mens so ‘n Bybelstudieboekie aanpak, word jy vinnig gekonfronteer met jou eie tekortkominge. Dit is dan wanneer jy die waarde besef van ‘n span wat die Here vir jou gestuur het om jou te help.

Die span wat werk aan hierdie boekie, is nie net goed in wat hulle doen nie, maar is elkeen ook self baie lief vir die Here. Elkeen van hulle leef aktief hul getuienis uit dat Jesus Christus hul Verlosser is.

Dit is juis hierom dat ek so goed saam met hulle werk en met soveel gerustheid en vertroue elke keer teruggaan om hulle wéér vir hulp te vra.

Die span is as volg:

Ds. Chris Heunis - Teologiese versorging
Ronel Griessel - Taalkundige versorging
Riaan le Roux - Ontwerp en vervaardiging

Baie dankie. Julle is ‘n “great” span!

Die Here seën julle vir julle harde werk.

Ds. Johan Delport

Voorwoord

"By U skuil ek, U beskerm my, in u Woord stel ek my vertroue."
(Ps 119:114)

If we go back to the way we were, we will have lost the lesson.
- Onbekend

Ek het al baie gewonder hoe ons 2020 sou probeer opsom. Die woord "nooitgedagt" kry iewers 'n plek in my hart. Nooit sou ons kon dink dat iets so vreemds op ons pad sou kom nie. Dit is kompleet soos 'n draaikolk van gereelde "van-vooraf-begin" net om weer uit te vind dat ons nou weer van "rigting" moet verander. Dan kom al die vrae, bewerings, voorstelle, spookstories, wanhoop en "hond-jaag-sy-stert" manewales na vore. Ons kom nêrens, bly stilstaan en wonder: Wat het gebeur?

Ons het dringend 'n sinvolle weer-oorbegin (Reboot) nodig.

Ds. Johan het hierdie Bybelstudie op agt fondasies van menswees kom bou en ons word hierin herinner dat God se Woord nog altyd al die antwoorde vir ons vraagstukke inhou.

Neem jou tyd en geniet die studie. Dit is maklik om die argumente en stellings te volg. Ek het dit terdeë geniet.

Groetnis

Ds. Chris Heunis

Notas

Inleiding

"Wie die Here dien, het daarin 'n veilige toevlug, en ook sy kinders vind daar skuiling." **(Spr 14:26)**

Don't pray for easy lives. Pray to be stronger men.
John F. Kennedy

2020: Die vreemdste jaar ooit

Toe die president op 15 Maart 2020 'n nasionale grendeltydperk aangekondig het vir 3 weke, het niemand regtig die volle omvang van daardie aankondiging begryp nie.

Vir die eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis was die hele land net toegemaak. Die hele ekonomie het tot stilstand gekom. Slegs besighede wat essensiële dienste gelewer het, kon nog handeldryf. Vir die res... was alles net toegemaak! Skole, universiteite, restaurante, teaters, hotelle, lughawens, parke en natuurlik ook kerke is net eenvoudig toegemaak.

Wat aanvanklik vir 3 weke sou wees, het toe 'n maand geword, en later maande geword. Waarom al hierdie drama?

Die "2019 Novel Coronavirus" (COVID-19)

Aanvanklik het sosiale media gegons met vals nuus en allerhande sameswerings teorieë. Soos die tyd aangestap het, het die virus al nader aan die huis gekom en het al hoe meer mense geweet van iemand wat van iemand weet wat siek geword het. Dit het

nie te lank geneem vir die virus om so te versprei dat almal ten minste een persoon ken wat siek geword het nie.

Om mense met maskers in die winkel te sien loop, het die nuwe normaal geword. Die ongemaklikheid wanneer 'n vreemdeling aan die hoes gaan of te naby aan jou staan in 'n ry, het die plek ingeneem van 'n eens vriendelike samelewing.

Toe hierdie boekie geskryf was op 21 Julie 2020, het die getalle wêreldwyd soos volg gelyk:

- Daar was reeds 14,859,535 gevalle;
- Die sterftesyfer het gestaan op 613,355;
- Daar het reeds 8,911,576 van die virus genees.
- In Suid-Afrika was daar 373,628 gevalle;
- Die sterftesyfer het gestaan op 5,173;
- Daar het reeds 194,865 van die virus genees.

Die Nuwe Normaal vir die lewe

Almal besef dat ons 'n nuwe normaal vir die lewe betree het. Ons moes almal op die een of ander manier geleer het om op nuwe maniere dinge te doen as waaraan ons so gewoond was om te doen.

Ons moes leer om Zoom en Skype te gebruik. Ons kinders het skoolgegaan oor die Internet. Ons het van ons huise af begin werk en ons het geleer om 'n kerkdiens by te woon in ons beddens met koffie en beskuit!

Die wêreld het 'n keerpunt bereik! Te veel het verander vir ons om terug te keer na hoe dinge was. Presies hoe dinge gaan wees een jaar van nou af, is nie seker nie, maar dat die lewe anders gaan werk, is beslis duidelik.

RE:BOOT jou lewe

As gelowiges is ons nie onaangeraak deur hierdie gebeure nie. Ons is nie van hierdie wêreld nie, maar ons is beslis in hierdie wêreld! Ons word nie gevrywaar van die gebeure wat in hierdie stukkende wêreld plaasvind nie. Christene word ook geraak:

- Ons word ook siek van virusse.
- Ons ly ook finansieel skade.
- Ons kry ook swaar wanneer die wêreld deur moeilike tye gaan.

Ons hou egter ons oë gevestig op Jesus en nie op ons omstandighede nie.

"Hou Hom [JESUS] voor oë... Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie." **(Heb 12:3)**

Oor die volgende paar maande gaan alles stadig maar seker weer aan die gang kom. Die meeste mense het reeds op die een of ander manier teruggekeer werk toe. Skole en universiteite het weer begin en restaurante en teaters het ook weer oopgemaak.

Ons wag almal in spanning om te hoor wanneer en hoe die kerk weer kan bymekaarkom en hoe ons op die een of ander manier kan terugkeer na normaal.

Dit is waarom ons RE:BOOT doen. In hierdie reeks gaan ons aandag gee aan 8 verskillende fasette van elke gelowige se lewe. Die lewe kan vinnig verander, maar die evangelie verander nie en die liefde wat God vir ons het, verander ook nie.

In RE:BOOT gaan ons kyk na die volgende 8 fasette van ons lewens:

- Jou Verhouding met die Here
- Jou Lewe
- Jou Huwelik
- Jou Gesinslewe

- Jou Gesondheid
- Jou Getuienis
- Jou Beroep
- Jou Finansies

Hoe om die beste van die studie te maak

Soos met baie ander dinge in die lewe wat die moeite werd is: "Hoe meer ek insit, hoe meer kry ek uit!" Wanneer dit kom by groot geloofsake soos die kruisiging van ons Here Jesus, moet ons ekstra moeite en tyd insit.

Hier is 'n paar basiese wenk om die beste te maak van hierdie studie:

Wenk #1: Neem 'n kwaliteit besluit om elke dag tyd te maak om stil te word voor die Here in gebed en Bybelstudie.

Wenk #2: Kom voorbereid na die Bybelstudie toe. Maak tyd om die week se Bybelstudie deeglik te doen voor die byeenkoms.

Wenk #3: Lees verder. Kyk weer na die betrokke verse en lees die vyf verse voor en na elke vers.

Wenk #4: Begin 'n gebedsjoernaal. Aan die einde van elke studie is daar plek om gebedsversoeke neer te skryf. Kyk weekliks daarna en prys die Here vir elke beantwoorde gebed.

Hierdie boekie kan gebruik word as 'n persoonlike Bybelstudie in die gelowige se stiltetyd, maar die waarde wat ander gelowiges vir my bied in groepsverband, is van onskatbare waarde! Die ideaal is daarom om hierdie boekie gedurende 'n stiltetyd deur te werk, maar ook in 'n Bybelstudiegroep.

Vir ouers!

Hierdie boekie kan ook baie nuttig wees vir 'n gesinsbybelstudie. Maak dit deel van jul gesin se stiltetyd. Moedig bespreking aan. Hou net in gedagte dat jonger kinders dalk verduideliking gaan vra vir meer komplekse gedagtes. Wees geduldig terwyl jy die ewige waarhede aan hulle kommunikeer. Die Skrif sê mos:

"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie." **(Spr 22:6)**

Ander Bybelstudies:

Besoek gerus ons Bybelstudie webtuiste by www.bybelstudie.co.za vir hierdie en ander Bybelstudies. Jy kan dit gratis daar aflaai.

Notas

RE:BOOT Jou verhouding met die Here

12.5%

"[5]Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. [6]Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop." **(Spr 3:5-6)**

God is most glorified in us when we are most satisfied in Him.
John Piper

WEEK 1

Inleiding

Welkom by die eerste week van RE:BOOT. Die wat jonger is, sal nie weet nie, maar toe rekenaars nog skaars was en hardeskyfspasie nog min was, moes ons regtig met min klaarkom. Baie van ons het begin op 'n XT of 'n 286 met iets soos 'n "floppy"-aandrywer wat nie meer as 280kB (0,28 MB) kon hanteer nie. Vir die van julle wat die taal nie verstaan nie, dit was net heeltemal te min en te stadig om werklik bruikbaar te wees.

Iets wat daardie tyd se rekenaars en ons rekenaars in gemeen het, is dat dit van tyd tot tyd nuwe opdaterings moet kry en dan moet jy jou rekenaar "REBOOT".

Nadat Covid-19 die hele wêreld tot stilstand gebring het, is alles weer besig om stadig maar seker oop te maak. Dinge lyk en werk nie meer heeltemal dieselfde nie, maar ons is besig om terug te keer na 'n soort van normaal.

Hierdie reeks gaan juis hieroor. Soos wat alles terugkeer na 'n nuwe normaal, is daar sekere aspekte van die lewe wat ons as te ware moet RE:BOOT. Vandag kyk ons na die eerste aspek:

RE:BOOT – Jou verhouding met die Here

Tema teks: Spreuke 3:1-8 en Matteus 22:37-40
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Waarna keer jy terug? Wanneer die grendelstaat heeltemal gelig is en die lewe het na 'n nuwe normaal teruggekeer, moet elkeen die vraag vra: "Waarheen keer ek terug?"

Lilly Tomlin som hierdie lewe eintlik goed op:

"The trouble with the rat race is that even if you win, you're still a rat." Salomo het basies tot dieselfde gevolgtrekking gekom toe hy gesê het alles in hierdie lewe is net 'n gejaag na wind! **(Pred 6:9)**.

Dit is nou tyd om my lewe te rangskik volgens die regte prioriteite, waarvan die heel grootste prioriteit moet wees:

'n lewende verhouding met my Skepper deur die Here Jesus Christus.

Lees die volgende verse en skryf neer wat verkeerd gegaan het:

Romeine 3:12 _____
2 Timoteus 4:10 _____
Jakobus 4:4 _____
Openbaring 2:4 _____
Openbaring 3:16 _____

Hoe RE:BOOT ek my verhouding met die Here?

1. Soek 'n verhouding met die Here bo alles

Lees **Jesaja 55:6**

Dit kan maklik gebeur dat iemand in sy ywer verslap het, moeg geword het en op die punt staan om uit te sak in die geloof. Ons moet egter onthou dat Jesus volhard het tot aan die kruis. Jesus moes die hele pad stap tot aan die kruis en Hy het die volle prys vir ons betaal. Deur aan die kruis in ons plek te sterf, het Hy vir ons 'n nuwe pad gebaan om gered te kan word.

Dit is iets wat elke mens met sy hele hart moet soek. Dit moet vir my 'n diepe begeerte wees om die Vader beter te ken en om 'n beter verhouding met Hom te hê.

Gespreksvraag:

Lees **1 Johannes 1:8-9**. Watter raad bied hierdie verse vir iemand wie se verhouding verflou het? Hoe kan ons dit regstel? Dink ook aan die raad wat Jesus vir die gemeente in Efese gee in **Openbaring 2:4**._____

_____

_____

_____

_____

2. Maak Jesus deel van jou elke dag se lewe

Lees **Romeine 8:29**

Volgens hierdie vers is dit God se doel om my meer te maak soos sy Seun, die Here Jesus! Dit is wat dit beteken om Heilig te wees **(1 Pet 1:16)**.

As gelowige moet ek besef dit is God se agenda met my lewe. God wil alles wat in my lewe is, wat nie soos Jesus lyk nie, verwyder. Waarom sou God dit wil doen? Die antwoord is egter eenvoudig: ons moet anders lyk as hierdie wêreld sodat ons

mense kan WYS wie Jesus is. Ons kan nie getuies wees teenoor die wêreld as ons soos die wêreld lyk nie.

Gespreksvraag:
Lees **Romeine 12:1-2**. Hoe lyk iemand se lewe wat besig is om gelykvormig te word aan Jesus Christus? _____
_____
_____
_____
_____

3. Lewe deur die krag van die Heilige Gees

Lees **Efesiërs 3:16** *en* **2 Timoteus 1:7**

Die Here het ons nie geroep om in ons eie krag te probeer lewe nie. Die Here roep ons om in die krag van die Heilige Gees te lewe. Die maklikste manier om lou te word in my geestelike lewe, is om in my eie krag met my eie agenda te lewe. Wanneer ek onder leiding van die Heilige Gees lewe, gee God my die krag om sy agenda en doel uit te lewe.

Kyk na die volgende verse en skryf neer wat die Heilige Gees in ons lewens wil doen:

Johannes 14:26 _____
Romeine 8:15 _____
Romeine 8:16 _____
Romeine 8:26 _____
Galasiërs 5:22-23 _____

Gespreksvraag:
Lees **Galasiërs 5:25** en **6:8**. Wat leer ons rondom die werking van die Gees in ons lewens? Wat is ons verantwoordelikheid in hierdie verse? _____
_____
_____

Opsomming:

In **Jakobus 4:5** lees ons: *"Dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê?"*

In vandag se studie het ons gekyk na die heel eerste prioriteit van die gelowige se lewe: 'n lewendige verhouding met die Vader deur die Here Jesus. As my verhouding met die Here nie reg is nie, help dit nie ek behaal enige ander suksesse nie.

Notas

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 1

Iets om te onthou

God begeer om in 'n lewende verhouding met elke mens te staan. .

Vers om te onthou

"Deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer." **(Fil 1:11)**

Vraag om oor na te dink

Watter prioriteit geniet my verhouding met die Here tans in my lewe? Op watter manier kan ek my lewe instel om 'n dieper verhouding met die Here te bou?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, kom vergewe my dat ek nie altyd my verhouding met U die eerste prioriteit in my lewe gee nie. Kom lei my deur u Gees om meer en meer te word soos die Here Jesus en om in 'n dieper verhouding met U te staan. AMEN

Notas

Hoe weet ek dat ek 'n kind van God is?

Hierdie is 'n geweldige belangrike vraag. Elke mens moet seker maak dat hy duidelikheid het in sy hart oor hoe om hierdie vraag te antwoord.

Dit is belangrik om sekerheid te hê of jy 'n kind van God is. Antwoord hierdie volgende vrae so eerlik as moontlik:

VRAAG 1: Het ek Jesus aangeneem as Verlosser?

"Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word." **(Joh 1:12)**

VRAAG 2: Lewe ek in 'n lewendige verhouding met die Vader?

"... en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer." **(Fil 1:11)**

VRAAG 3: Weet ek verseker in my hart dat ek 'n kind van God is?

"Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." **(Rom 8:16)**

VRAAG 4: Beywer ek myself om God tevrede te stel in my lewe?

"...beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God..." **(Matt 6:33)**

VRAAG 5: Geniet ek dit om die Here te dien saam met ander gelowiges?

"Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan." **(1 Kor 12:27)**

Indien jy hierdie vrae geantwoord het en jy steeds twyfel in jou hart of jy werklik 'n kind van God is, is dit vandag 'n goeie tyd om die Here aan te roep.

Neem hierdie volgende 5 stappe in geloof:

Stap 1: Erken dat ek verlore is **(Rom 3:23)**

Stap 2: Bely my sonde **(1 Joh 1:9)**

Stap 3: Antwoord die roepstem **(Heb 4:7b)**

Stap 4: Bekeer **(Hand 2:38)**

Stap 5: Leef en groei in Christus **(1 Pet 2:2)**

Neem Jesus aan deur hierdie gebed in geloof te bid:

Vader, ek is 'n sondaar. Ek het teen U en teen mense gesondig en ek kom bely dat ek 'n sondaar is en verlore is.

Vergewe asseblief my sonde.

Ek weet Jesus het ook vir mý gesterf aan die kruis.

Ek weet as ek in geloof my vertroue in Jesus plaas en U aanroep, sal U my red, want ek glo dat Jesus nie net vir my gesterf het nie, maar dat hy ook uit die dood opgestaan het en ewig leef.

Kom vul my met u Heilige Gees. Ek wil u kind wees en net vir U lewe.

In die Naam van Jesus bid ek dit. AMEN!

Indien jy hierdie 5 stappe geneem het en dit vasgemaak het in gebed, dan maak God jou sy kind en skenk aan jou die Heilige Gees wat van nou af in jou lewe kom woon.

"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. [10]Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. [11]Die Skrif sê tog: 'Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.'"
(Rom 10:9-11)

Welkom in God se familie!

Doen nou die volgende:

(1) Gaan vertel 5 mense.

Vertel soveel as moontlik mense dat Jesus nou in jou lewe is.

(2) Skakel in by 'n Skrifgefundeerde gemeente.

Dit is baie belangrik om deel te wees van 'n gemeente waar die Bybel getrou geleer word.

(3) Laat jou doop.

Neem die volgende stap en laat jou doop.

(4) Lees jou Bybel en bid elke dag.

Verdiep jou verhouding met die Here deur elke dag te bid en tyd te spandeer om die Woord te lees.

Stel jy belang om meer te weet oor wat dit beteken om 'n kind van God te wees? Gaan laai gerus die Kindskap Bybelstudieboekie

gratis af by: www.bybelstudie.co.za/kindskap

RE:BOOT Jou Lewe

25%

"Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe." **(Spr 4:23)**

If God is your partner, make your plans BIG! – D.L. Moody

WEEK 2

Inleiding

Die laaste paar maande was vir baie van ons 'n krisistyd gewees. Ons moes nuwe vaardighede leer en op maniere en plekke werk waaraan ons nie gewoond is nie.

Op 'n manier het die aarde onder ons 'n bietjie geskud! Baie dinge waarvan ons seker was, is nou nie meer so seker nie. Dit kan ook wees dat jou lewensbeplanning nou aangepas moet word.

Om deur 'n krisistyd te gaan, hoef nie 'n slegte ding te wees nie. Krisistye wys gewoonlik swakhede in ons lewens uit en dit is 'n geleentheid om die nodige aanpassings te maak. Dit is nie die Here se wil dat ek soos 'n dobbertjie op die water dryf vir die res van my lewe nie.

RE:BOOT – Jou Lewe

Tema teks: Spreuke 4:20-27
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te

gee om leeswerk te doen.

Dit maak nie saak hoe oud jy op die oomblik is nie. Solank jy asem in jou longe het, het die Here nog 'n plan vir jou lewe. Maar hoe weet ek wat daardie plan is? In vandag se studie gaan ons net basiese riglyne gee vir hoe om 'n lewe te leef wat streef om die Here se plan uit te leef.

Elke gelowige behoort 'n diep begeerte in sy hart te hê om die Here se doel met sy lewe uit te leef.

Hoe doen ek dit?

1. Soek die Here se plan
Lees **Matteus 6:31-34**

Die oomblik as ek Jesus Christus aanneem as Verlosser, kom woon die Heilige Gees in my. Dit beteken dat ek noodwendig anders gaan dink oor hierdie lewe. Ek lewe nie meer 'n lewe met vleeslike plannetjies nie. Nee, ek wil nou 'n lewe leef wat God tevrede stel.

Dit moet my agenda wees, vir die res van my lewe, om God se koninkryk te soek en eerste te stel. Hierdie is die vertrekpunt vir my lewe, elke oggend wat ek opstaan. Hierdie behoort my gebed te wees, elke oggend voor ek my huis verlaat:

Vader, U het my nog 'n dag op hierdie aarde gegee. Hoe kan ek u koninkryk uitbrei? Hoe kan ek U verheerlik en hoe kan ek nog mense van Jesus Christus vertel?

Gespreksvraag:
Lees **Spreuke 3:6** en **19:21**. Wat leer ons uit hierdie verse rondom God se plan vir ons lewens? _____
_____
_____
_____

2. Kry goeie raadgewers
Lees **Spreuke 15:22** *en* **20:18**

Solomo leer sy seun in hierdie verse die geheim van 'n koning wat baie respek afgedwing het. Kry die beste raadgewers wat jy kan. Natuurlik kry jy spesialiste op hul gebied. Ek wil as 'n reël na Christen spesialiste gaan, maar as 'n kardioloog nie 'n Christen is nie, maak dit hom nie 'n slegte dokter nie.

Wanneer dit kom by spesialis areas, kry ek spesialis advies, maar ons praat nou eintlik oor mentorskap. Om seker te maak ek rig my lewe op die pad wat die Here wil hê ek moet loop, moet ek eers sy Koninkryk soek, maar ek moet myself ook omring met volwasse gelowiges.

Elke gelowige behoort in 'n verhouding te wees met ten minste 3 gelowiges wat hom geestelik kan mentor, 2 gelowiges wat min of meer sy eweknie is en 1 gelowige met wie hy die mentorpad stap. Nou praat ons nie van kennisse of toevallige ontmoetings nie! Nee, hierdie 3-2-1 verhoudings is mense waarmee jy gereeld in diepte interaksie het.

Gespreksvraag:
Lees **1 Timoteus 4:12** en **2 Timoteus 2:2**. Wat lees ons rondom mentorskap in hierdie verse? _____
_____
_____
_____

3. Kry 'n plan vir jou lewe
Lees **Spreuke 4:25-27**

Benjamin Franklin het gesê: "*If you fail to plan, you plan to fail!*" Alhoewel almal van ons voltyds in bediening staan en soldate is vir Jesus Christus, is die meeste nog in ander voltydse beroepe. Die meeste van ons het 'n sekulêre werk waarheen ons elke

weeksdag moet gaan.

Wat ons wel moet besef, is dat selfs daardie werk wat ons doen, ook geestelik is. Elkeen van ons wat 'n eerlike werk doen en elke dag ons werk getrou doen, doen 'n geestelike werk. Toe God Adam en Eva gemaak het, het hy vir hulle gesê: "Bewoon en bewerk die aarde" – dit was die mens se eerste roeping deur God gegee.

Ons moet tog ook verstandig optree. As ons nie deeglik raad inwin en planne maak saam met die Here nie, gaan dit ons duur te staan kom. Daarom moet ek 'n plan hê vir my lewe! Ek moet saam met die Here, saam met ander gelowiges en saam met spesialiste die tyd en die geleenthede wat die Here vir my gee, tot die maksimum benut. Ek is 'n rentmeester van my gesondheid, tyd, geleenthede, talente en geld.

Gespreksvraag:
Lees weer **Spreuke 4:25-27**. Skryf die kerngedagtes neer wat Salomo vir sy seun probeer leer. Wat kan ons vandag hieruit leer? _____
_____
_____
_____
_____

Opsomming:

In **Jakobus 4:13-17** lees ons dat Jakobus die arrogante mense aanspreek. Hy raas met hulle, want hulle lewe so vol SELFvertroue. Maar let op, die probleem is nie dat hulle na verskillende dorpe gaan en besigheid doen nie, maar dat hulle dit onafhanklik van die Here doen.

In vandag se studie het ons vir mekaar gesê:

My eerste roeping is om in diens van God te wees. Dit behels

dat ek meer soos Jesus moet word en God se koninkryk moet soek en uitleef. Verder het ons ook gekyk na die belangrikheid daarvan om in 'n mentorskap-verhouding te staan. Ons het ook gekyk na die belangrikheid daarvan om 'n plan te hê vir jou lewe. 'n Plan wat jou sal help om doelbewus 'n goeie rentmeester te wees van al die bronne waarmee die Here jou toevertrou het.

"Commit to the Lord whatever you do, and your plans will succeed." **(Spr 16:3)***NIV*

Notas

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 2

Iets om te onthou

Elke gelowige moet 'n plan hê vir sy lewe. 'n Plan om die bronne waarmee hy toevertrou is, tot die beste van die koninkryk aan te wend.

Vers om te onthou

"Ken hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop." **(Spr 3:6)**

Vraag om oor na te dink

Is ek besig om 'n verantwoordelike rentmeester te wees met die verskillende bronne waarmee die Here my toevertrou het?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie vir al die goeie gawes waarmee U my seën. Ek verstaan baie goed dat ek hierdie lewe leef met 'n hoër roeping. Kom help my om u koninkryk in alles eerste te stel en om U te eer in die manier hoe ek die bronne wat U my gegee het, aanwend. AMEN

Notas

RE:BOOT Jou Huwelik

37.5%

"Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig."
(Ef 5:21)

There is no more lovely, friendly or charming relationship, communion or company, than a good marriage.
Martin Luther

WEEK 3

Inleiding

Die grendeltyd (lockdown) het vir baie mense verskillend getref. Vir baie introverte was dit 'n fees. Hulle kon al die boeke lees, take doen of net rustig op die stoep sit vir ure sonder om gepla te word. Vir baie ekstroverte was dit 'n nagmerrie. Hulle het swaar gekry en verskriklik gekreun onder die druk om geïsoleer te wees.

Die grendeltyd het egter ook 'n groot impak op ons huwelike gehad. Vir die eerste 21 dae moes almal by hul huise gebly het en was dit 'n tyd van herontdekking van hul lewensmaats. Ongelukkig het baie mense dit nie positief beleef nie. Baie het ontdek dat hul huwelik aandag nodig het.

Dalk het jy ook ontdek dat daar sekere areas in jou huwelik is wat werk nodig het. Indien dit die geval is, dan was die grendeltydperk vir jou 'n "blessing in disguise"!

RE:BOOT – Jou Huwelik

Indien jou huwelik nou deur onrustige waters gaan, weet net dit: Dit is nooit te laat om aan jou huwelik te begin werk nie.

Indien jou huwelik nou blom, weet net dit: Dit is nooit te vroeg om aan jou huwelik te begin werk nie.

Tema teks: Genesis 1:26-31
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

God het die huwelik ingestel. Hy het dit ingestel met een man en een vrou. Die huwelik is 'n lewenslange verbond tussen een God, een man en een vrou. Daarom maak Jesus dit duidelik:

"Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie."
(Mark 10:9)

In vandag se studie kyk ons hoe ek my Huwelik kan RE:BOOT.

Saai – Saai die saad waarvan jy 'n oes wil hê
Lees **Galasiërs 6:7**

Voordat jy kan saai, moet jy eers die grond voorberei. Dalk is jou huweliks-landskap 'n bietjie aan die gebroke kant. Moenie 'n stukkende ding stukkend los nie. Onthou, stukkende goed herstel nie self nie! Indien jou huwelik hulp kort, roep hulp in, liewer vroeër as later.

Die vraag wat elke getroude paartjie hulleself moet afvra is:

"Wil jy gelukkig getroud wees?"

Indien jou antwoord "ja" is, begin dan vandag die saad te saai wat jy wil oes.

Daar is 'n paar belangrike aspekte wat 'n mens moet verstaan:

Ek kan nie vandag saai en môre al oes nie – wat ek nou saai, oes ek eers oor ses maande.

As ek vandag gesaai het, moet ek my land deurgaans versorg – ek kan nie net een maal saai en later net opdaag vir die oes nie.

Om te oes is 'n spanpoging – as een persoon alleen die oes kan inbring, dan is dit nie die moeite werd nie.

Gespreksvraag:
Lees **Psalm 126:5-6**. Hoe is hierdie verse van toepassing op die huwelik wanneer ons dink oor die saai, versorg en oes analogie? _____
_____
_____
_____
_____

Versorg – Volg op en koester die land
Lees **1 Korintiërs 13:1-13**

Alhoewel hierdie teksgedeelte geskryf is vir liefde in die algemeen, is dit soveel te meer van toepassing in die huwelik. In hierdie gedeelte kry ons baie goeie riglyne oor hoe ons die huwelik moet versorg. Daar is baie duidelike moets en moenies wat vir ons kan help.

Op 'n ander plek som Paulus dit so op: *"Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander"* **(Fil 2:4)**.

Dit is dus duidelik dat ek my hart moet instel om my maat eerste te stel. Ek moet my eie belange ALTYD tweede stel en my maat eerste stel. Dit druis teen die natuurlike mens in – maar dit is

presies wat Jesus Christus aan die kruis kom doen het.

Gespreksvraag:
Lees weer **1 Korintiërs 13**. Dink in terme van jou eie huwelik. Wat in hierdie gedeelte daag jou uit? Hoe kan jy hierdie gedeelte gebruik om deurgaans jou huweliksmaat en huwelik te versorg? _____
_____
_____
_____
_____

Oes – Vier die lewe saam met die een wat jy liefhet
Lees **Spreuke 5:9-20**

Salomo maak dit duidelik dat jy die liefkosing van jou eie lewensmaat moet geniet. Dit mag nooit 'n opsie wees om liefkosing by iemand anders te soek nie.

Die huwelik is baie kompleks in baie opsigte. Daar is soveel fases waardeur 'n paartjie gaan:

Fase 1: Passie (Jonggetroudes)
Fase 2: Ontnugtering (Die huwelik is werk)
Fase 3: Rebellie (Wanneer paartjies hul plek vind)
Fase 4: Samewerking (Wanneer groot take saam aangepak word – kinders kry, huis koop)
Fase 5: Reünie (Wanneer hulle weer gemeenskaplike doelstellings ontwikkel)
Fase 6: Inploffing (Wanneer groot lewenskrisisse tref)
Fase 7: Voltooiing (Wanneer paartjies werklik sielsgenote word)

Dit maak nie saak in watter fase jou huwelik is nie, die saai, versorg en oes beginsel bly deurgaans van toepassing. Die akkumulatiewe saai, versorg en oes deur die jare is wat 'n sterk huwelik bou.

Dit is presies soos die Psalmis sê:

"Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring." **(Ps 126:5)**

Gespreksvraag:
Lees **Spreuke 3:5-7**. Hoe is hierdie verse goeie raad vir die huwelik? Watter voordele hou dit in vir die huwelik as man en vrou dit saam doen? _____
_____
_____
_____
_____

Opsomming:

Die grendeltyd het beslis 'n groot impak gehad op baie huwelike. Dit is egter nie noodwendig 'n slegte ding nie. Wanneer 'n mens die geleentheid kry om foute reg te stel, moet die geleentheid met albei hande aangegryp word.

Onthou, die huwelik is deur God ingestel. As jy en jou maat die Here eerste stel, kan julle deur die moeilikste moeilikhede kom.

Indien julle agterkom dat julle nie die moeilikhede reggestel kry nie, gaan soek hulp. Kontak die kerkkantoor by 087 2555 827 en maak 'n afspraak met ds. Chris Heunis.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 3

Iets om te onthou

Die huwelik is deur God ingestel. Die Here wil jou help om 'n huwelik te bou wat 'n vreugdevolle oes inbring.

Vers om te onthou

"Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig."
(Ef 5:21)

Vraag om oor na te dink

Op watter manier kan ek vandag se studie toepas in my huwelik of verhouding?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat U vir my 'n lewensmaat gegee het. Help my om my lewensmaat lief te hê op die manier wat U van my verwag. Vader, kom help ons om U te dien en U eerste te stel in ons huwelik. AMEN

Notas

RE:BOOT Jou Gesinslewe

50%

"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie."
(Spr 22:6)

Each day of our lives we make deposits in the memory banks of our children. – Chuck Swindoll

WEEK 4

Inleiding

Die nasionale grendeltyd het nie net 'n groot impak op ons verhouding met die Here en op ons huwelike gehad nie, maar dit het ook 'n groot impak op ons kinders gehad.

Ons kinders moes skielik skoolgaan oor die internet en hulle was geïsoleer van hulle vriende. As daar ander spanning soos huwelikskonflik en finansiële druk was, het hulle dit ook opgetel. Psigies het ons kinders dalk swaarder gekry as wat ons mag dink.

Ons almal se kinders, die wat kinders het, is in verskillende fases. Ons het selfs 'n paar grendel-babas bygekry – geluk aan al die ouers met nuwe babas! Ons kinders wissel van peuter, kleuter tot hoërskool en studente. As ouers het ons 'n baie spesiale verantwoordelikheid teenoor hulle.

RE:BOOT – Jou Gesinslewe

Tema teks: Psalm 127:1-5
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Hierdie Psalm word meestal aangehaal rondom besigheidsgeleenthede, maar eintlik gaan dit oor die gesin. Ons mag nie ons kinders vanselfsprekend aanvaar nie. Hulle is geskenke van die Here en ons moet verantwoordelikheid vir hulle aanvaar.

Die Here bou ons huis – Hy gee ons kinders. Ons moet hierdie huis tot eer van God saam met Hom bou.

Dalk het die grendeltyd ook sy tol geëis op jou gesin. Hier is hoe jy jou gesinslewe kan RE:BOOT:

Doen 'n behoeftebepaling
Lees **Filippense 2:3-4**

Paulus maak dit duidelik: my behoefte is nie die vertrekpunt nie. Dit is veral waar wanneer ek by my gesinslewe kom. Wanneer daar kinders in die huis is, moet ek versigtig aandag gee aan hulle behoeftes. As ouer is ek verantwoordelik vir hulle.

Elke kind se behoefte is anders na gelang van sy ouderdom en die omstandighede waarin hy homself bevind. Die Here wil my help om my kind te verstaan en te bedien as lid van die gesin, daarom moet ek gereeld vir my kinders bid.

In baie huise is die probleem dat ouers so besig is om 'n beroep te bou, dat die kinders emosioneel en geestelik self moet regkom. Dit is belangrik om een keer 'n behoeftebepaling te doen op elke kind, wat hierdie areas insluit:

Waar staan my kind Geestelik?

Waar staan my kind Emosioneel?
Waar staan my kind Liggaamlik?

Gespreksvraag:
Lees **1 Timoteus 3:4** en **12**. Waarom is dit vir Paulus belangrik dat 'n ouderling en 'n diaken se gesinne gesond moet wees? Wat kan ons hieruit leer? _____
_____
_____
_____

Verenig die gesin onder die Here
Lees **Prediker 4:9-12**

Die een groot taak wat ek het, is om my kinders groot te maak vir die Here. Dit is ook die opdrag wat God vir die volk gee in **Deuteronomium 6:6-9**. Wanneer ek kinders het, is dit nie net goed genoeg vir my om die Here te dien nie, maar ek moet my gesin verenig om saam die Here te dien.

Dit is 'n baie belangrike taak, want my kinders sien my elke dag. Hulle sien my nie net op 'n Sondag by die kerk nie! Ek kan dalk vir die wêreld voorgee, maar nie voor my kinders nie. Dit is daarom belangrik dat ek met integriteit voor hulle sal lewe. Die gesegde sê: *"My kinders doen nie wat ek sê nie, hulle doen wat ek doen!"*

Om my gesin te verenig onder die Here, behels dat ek 'n eerlike en opregte verhouding met die Here en met my kinders sal hê. Verder behels dit ook dat ek my gesinslewe instel om vir hulle te lei en te leer om die Here te dien.

Gespreksvraag:
Lees **Efesiërs 6:1-4**. Watter waarskuwing lees ons in hierdie verse? Waarom is dit so maklik om hierin te faal? Hoe kan ek seker maak ek maak my kinders reg groot? _____
_____
_____
_____
_____

Doen doelbewuste ontwikkeling

Lees **Spreuke 22:6**

Salomo dring aan dat ons leiding moet gee aan ons kinders. Hierdie leiding is in verskeie areas:

- Geestelik (Soos reeds bespreek)
- Huishouding
- Finansies
- Algemene lewensvaardighede
- Akademie
- Beroep
- Verhoudings

As ouer sal ek oor die eerste 20 jaar die meeste invloed in my kind se lewe hê. Ek moet my invloed laat geld. Saam met die Here het ek die geleentheid om 'n mens te vorm. Dit is 'n groot verantwoordelikheid en behoort mooi oordink te word en dit moet doelbewus beplan word.

Gespreksvraag:
Lees weer **Spreuke 22:6**. Waarom is dit so belangrik om my kind leiding te gee? _____
_____
_____
_____

Opsomming:

In **Lukas 15:11-32** vertel Jesus die gelykenis van die verlore seun. Wat uitstaan in hierdie gelykenis is dat die vader in hierdie verhaal alles reg gedoen het. Tog het beide seuns op 'n manier tekort gehad in hul lewens as volwassenes.

'n Goeie opvoeding is nie 'n waarborg vir sukses nie. Net so is 'n slegte opvoeding nie 'n waarborg vir mislukking nie. Wat wel waar is, is dat 'n kind wat 'n goeie en sterk Christus-gebaseerde opvoeding gehad het, 'n beter kans staan as die kind wat dit nie gehad het nie. Ons beywer ons daarom hiervoor.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 4

Iets om te onthou

My kinders is 'n geskenk van die Here. Ek moet saam met die Here verantwoordelikheid aanvaar vir hulle opvoeding.

Vers om te onthou

"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie."
(Spr 22:6)

Vraag om oor na te dink

Hoe kan ek my lewe beter inrig om my kinders groot te maak vir die Here asook om hulle gereed te kry vir die volwasse lewe?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, baie dankie vir die kinders wat U my geskenk het. Ek verstaan die groot voorreg en die groot verantwoordelikheid wat U vir my gegee het. Help my, Vader, om my kinders te leer wat dit beteken om Jesus Christus as Here te ken asook om 'n lewende verhouding met U te hê. Kom help my om gesonde kinders groot te maak wat U sal dien. AMEN

Notas

RE:BOOT Jou Gesondheid

62.5%

"'n Kalm gemoed hou die liggaam gesond; hartstog vreet 'n mens op." **(Spr 14:30)**

Health is not valued till sickness comes. – Thomas Fuller

WEEK 5

Inleiding

Een van die grootste uitdagings in hierdie grendeltydperk was om gesond te bly. Ons beweging was beperk, so oefening soos draf, fietsry en gimnasium was so uit soos koekies in die koshuis. Verder het die yskas en lekkergoedkas elke dag geduldig gewag vir die uurlikse voorraadopnames. Iemand het gesê sy hemp se knope is ook besig met "social distancing!"

Dit is dalk op 'n ligter noot, maar op 'n ernstiger noot het die grendeltyd baie beslis sy tol geëis op ons Gees, Liggaam en Siel. Dit lyk of die gespanne tyd waardeur ons nou is, gekoppel aan die min oefening, meer eet en sosiale geïsoleerdheid, beslis 'n negatiewe uitwerking gehad het op ons gesondheid.

Dit is daarom 'n goeie tyd om ons gesondheid te RE:BOOT.

RE:BOOT – Jou Gesondheid

Tema teks: Genesis 1:26-28
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Die Here het die mens gemaak met 'n liggaam. Die Here het dit bedoel dat ons 'n 80 of 90 of 100 jaar in hierdie liggaam gaan spandeer.

Die gesegde sê: 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees!

Dit kan seker andersom gesê word: 'n gesonde gees lei tot 'n gesonde liggaam. Hoe dit ook al sy, ons gesondheid is 'n geskenk van die Here en behoort nie vanselfsprekend aanvaar te word nie.

Ons kan nie alles beheer wat met hierdie liggaam gebeur nie, maar dit is tog belangrik om beheer uit te oefen oor dit wat ons wel kan beheer. Ons is ook 'n rentmeester oor hierdie liggaam wat God vir ons gegee het. Om hierdie liggaam goed op te pas, kan dalk nie 'n lang lewe waarborg nie, maar om hierdie liggaam te verwaarloos, kan wel waarborg dat ek 'n sieklike mens kan word.

Kom ons RE:BOOT ons gesondheid...

Stel die Here altyd eerste!
Lees **1 Timoteus 4:8**

Soos met alles, kan ek van die liggaam 'n afgod maak. Dit gebeur eintlik baie – jy kan in enige tydskrif kyk – die liggaam word verafgod. Ongelukkig word baie mense deur hierdie verlyding ingesluk en word liggaamlike fiksheid en gesondheid aanbid.

In Paulus se woorde aan Timoteus gee hy erkenning dat fisiese

oefening wel waarde het, maar dat ons toewyding aan God altyd eerste prioriteit moet geniet.

Ek lewe gesond nie omdat dit die einddoel in dit self is nie. Ek wil hê my liggaam moet in tip-top kondisie wees sodat ek, solank as wat ek kan, Jesus kan verkondig sonder om onnodig deur my liggaam teruggehou te word.

Gespreksvraag:
Lees **Spreuke 3:6-8** en **Matteus 6:33**. Hoe pas my liggaamlike gesondheid in by my verhouding met die Here? _____
_____
_____
_____
_____

Doen goeie en deeglike selfondersoek

Lees **Spreuke 27:23-24**

Salomo gee baie goeie besigheidsadvies. Dit is ook van toepassing op ons gesondheid. My liggaam is op 'n manier die gans wat die goue eiers moet lê. Hierdie liggaam is die dop waarin ek 'n leeftyd moet spandeer. Dit is daarom belangrik dat ek moet weet wat die kondisie is van hierdie liggaam.

Net soos wanneer ek my motor gereeld moet diens, moet ek ook gereeld kyk na die kondisie van my liggaam. Dit is nie iets wat jy net doen as jy ouer word nie. Elke persoon moet in die gewoonte kom om mooi te kyk na sy liggaam.

Waar moet ek begin? Deur 'n deeglike self-evaluasie te doen. Dit is nie 'n slegte idee om 'n dokter te gaan sien en 'n algemene ondersoek te laat doen nie. Op dié manier kan jy 'n voorraadopname van jou liggaam doen en weet waar jy staan.

Gespreksvraag:
Lees **1 Korintiërs 6:19-20**. Hoe is hierdie verse van toepassing om ons liggame op te pas? _____
_____
_____
_____

Lewe gedissiplineerd

Lees **2 Timoteus 1:7**

Een van die eienskappe van 'n gelowige is om gedissiplineerd te lewe. Toe ons Jesus Christus aangeneem het, het Hy ons gevul met die Heilige Gees. Deel van die vrug van die Gees is selfbeheersing **(Gal 5:22-23)**. Hierdie selfbeheersing reflekteer in elke area van ons lewens.

By die vorige punt het ons gesê dat dit noodsaaklik is om na jou liggaam om te sien deur dokter toe te gaan en 'n algemene ondersoek te laat doen. Dit sal vir jou 'n aanduiding gee waaraan jy moet aandag gee. Saam met dit moet 'n mens ook na die volgende kyk:

- Eet gesond en gebalanseerd **(Dan 1:8, 15)**
- Oefen gereeld **(1 Tim 4:8)**
- Beheer jou gewig **(Spr 25:16, 27)**
- Hou op rook **(1 Kor 6:12)**
- Beperk alkohol-inname / staak dit heeltemal **(Ef 5:18)**
- Bestuur jou spanning **(Spr 14:30)**

Gespreksvraag:
Lees weer **2 Timoteus 1:7**. Waarom sukkel ons so met selfdissipline veral wanneer dit by my gesondheid kom? Hoe kan ek oorwinning kry? _____
_____
_____
_____
_____

Opsomming:

In vandag se studie het ons gekyk na verskeie aspekte van ons gesondheid. Dit is baie belangrik dat ons nie ons gesondheid ligtelik opneem nie. Ons moet eerlik voor die Here wees rondom ons tekortkominge en die Here vra vir oorwinning.

Ons kan nie elke aspek van ons gesondheid beheer nie, maar ons kan wel verhoed dat ons die oorsaak is van sekere siektes en kondisies. Daar waar ons voorkomend kan optree, verwag die Here van ons om verantwoordelikheid te aanvaar.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 5

Iets om te onthou

My gesondheid is 'n geskenk van die Here. Ek moet verantwoordelikheid daarvoor aanvaar en die Here op hierdie manier eer.

Vers om te onthou

"Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie."
(1 Kor 6:19)

Vraag om oor na te dink

Wat is die kondisie van my gesondheid op hierdie stadium? Wat kan ek doen om beter verantwoordelikheid te aanvaar vir my gesondheid?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, help my om nie roekeloos met my gesondheid te handel nie en help my om nie my liggaam te verwaarloos nie. Ek weet U het my liggaam vir my gegee en my liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees. Help my om verantwoordelikheid te aanvaar vir my gesondheid. AMEN

Notas

RE:BOOT Jou Getuienis

75%

"'n Betroubare getuie red lewens ..." **(Spr 14:25)**

If we understand what lies ahead for those who do not know Christ, there will be a sense of urgency in our witness.
David Jeremiah

WEEK 6

Inleiding

Terwyl alle aktiwiteite oor die grendeltydperk omtrent tot 'n totale stilstand gekom het, het sosiale media ontplof. Jy kan dit ook sien in die aandeelpryse van sommige sosiale mediamaatskappye.

Die probleem is egter dat daar soveel geraas is op sosiale media. Vals nuus, alternatiewe nuus en fopinligting het beslis hoogty gevier in hierdie tyd.

Aan die ander kant het daar ook baie positiewe dinge gebeur. Die kerk wêreldwyd moes skuif van gebou-gebaseerd na internet-gebaseerd. Baie goeie geestelike materiaal het die kuberruimte betree toe duisende predikante, wat nooit aanlyn was nie, begin het om oornag TV-predikante te word.

Hierdie is beslis 'n unieke tyd om te getuig. Dit is nou die tyd om ons getuienis as gelowiges te heroorweeg en die maniere

hoe ons die evangelie tot nou toe verkondig het, nuut te posisioneer.

Dit is nou die tyd dat elke gelowige sy getuienis RE:BOOT.

RE:BOOT – Jou Getuienis

Tema teks: Handelinge 1:6-8 en Matteus 28:19-20
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Alhoewel die manier hoe ons die evangelie verkondig, dramaties besig is om te verander, verander die evangelie nie. Ons verkondig net Jesus!

"Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos." **(1 Tim 1:15)**

Wees Strategies
Lees **Matteus 10:16**

Jesus waarsku die dissipels dat hulle boodskap nie deur almal aanvaar gaan word nie, maar dat hulle versigtig en opreg moet wees. Die dissipels moet dus strategies wees in hul verkondiging.

Die dissipels sal vervolg word, maar die vervolging gaan juis maak dat hulle van Jesus voor ander mense kan getuig – 'n geleentheid wat hulle nie onder normale omstandighede sal hê nie **(Matt 10:18)**.

Ons moet onsself ook so posisioneer in die Here. Die vraag is nie of ek gaan getuig nie, maar *hoe* ek gaan getuig.

Gespreksvraag:
Lees **1 Korintiërs 9:19-22**. Op watter manier was Paulus strategies in die verkondiging van die evangelie? Hoe daag dit ons uit om nuut en anders te dink oor die evangelie-verkondiging? _____
_____
_____
_____
_____

Wees Doelbewus
Lees **1 Korintiërs 2:2-5**

Paulus het doelbewus mense vertel van Jesus. Soos in die vorige punt gesien, het Paulus alles vir almal geword om ten minste sommige vir Jesus te wen. Alhoewel hy strategies was, was sy verkondiging ook doelbewus! Paulus het seker gemaak hy vertel mense van Jesus Christus.

Net so moet ons ook ingestel wees om mense van Jesus te vertel. In die begin kom dit nie maklik nie, maar hoe meer jy dit doen, hoe makliker word dit om mense van Jesus te vertel.

Skakel by 'n organisasie soos die Gideons of die CBMC in. Doen dit doelbewus, maar ook gestruktureerd. Word 'n vriend van die Gideons en koop Bybels deur hulle wat jy vir mense kan gee. Daar is baie maniere om dit te doen. 'n Mens moet net 'n doelbewuste besluit neem om te getuig!

Gespreksvraag:
Lees **Matteus 10:19-20**. Waaroor moet die dissipels hulle nie bekommer nie? Wat sê Jesus sal Hy doen? Hoe is dit van toepassing op ons? _____
_____
_____
_____
_____

Wees Volhardend
Lees **2 Timoteus 4:2**

Paulus moedig Timoteus aan om die Woord tydig en ontydig te verkondig. Daar is beslis 'n dringendheid by Paulus. Hierdie selfde dringendheid sien ons by Petrus in **Handelinge 2:40**. Petrus pleit as te ware by die mense dat hulle Jesus moet aanneem as hulle Verlosser.

Bid en vra die Here om 'n dringendheid in jou hart te sit – 'n dringendheid vir verlore siele, 'n dringendheid dat mense tot bekering moet kom. Dit moet 'n begeerte in ons harte wees om te sien dat mense Jesus Christus aanneem as hul Verlosser.

Gespreksvraag:
Lees **Romeine 1:16-17**. Waarom sê Paulus skaam hy hom nie vir die evangelie nie? Wat behoort ons gesindheid dan te wees? _____
_____
_____
_____

Opsomming:

Dit is belangrik vir ons om te onthou dat God mense wil red.

In **Johannes 3:16** lees ons dat dit God se plan was om sy Seun Jesus Christus in ons plek te laat sterf – dit is hoe lief Hy die wêreld het. In **2 Petrus 3:9** lees ons dat Hy nie die wederkoms uitstel nie, maar dat Hy nog tyd gee vir mense om hulle te bekeer. Waarom? Want God wil nie hê mense moet verlore gaan nie.

Dit is my en jou werk om die evangelie aan hierdie verlore wêreld te verkondig. Ons mag daarom nie stilbly nie. Ons moet teenoor hierdie wêreld getuig.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 6

Iets om te onthou

God het bepaal dat mense tot bekering sal kom wanneer ons teenoor hulle getuig van ons redding deur Jesus Christus. Ons mag daarom nie stilbly nie!

Vers om te onthou

"Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red.
[23]Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."
(1 Kor 9:22-23)

Vraag om oor na te dink

Op watter manier kan ek my lewe instel om 'n aktiewe getuienis te hê teenoor die verlore wêreld daar buite?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat U my gered het. Dankie dat ek Jesus Christus kon aanneem en so 'n kind van U kon word. Ek weet dat U my roep om te getuig teenoor ander. Help my om nie skaam te wees nie en om maniere te kry om ander van Jesus te vertel.
AMEN

RE:BOOT Jou Beroep

87.5%

"Harde werk bring beloning; om net te praat, bring gebrek."
(Spr 14:23)

Read the Bible. Work hard and honestly. And don't complain.
Billy Graham

WEEK 7

Inleiding

Wanneer jy al 7:30 in die oggend op die pad is, sal jy baie gou agterkom iets is anders. Die swaar verkeer wat jou by die eerste stopstraat begroet het in die verlede, is nie meer daar nie!

Die twee hoof redes hiervoor is dat kinders oor die internet skoolgaan, maar ook dat baie mense van die huis af werk. Een van die grootste veranderings wat ons dalk moes maak, was om te leer om van die huis af te werk.

Ons sien almal die foto's op sosiale media van mense wat oor Skype met 'n netjiese hemp en das, maar met 'n kortbroek en pantoffels na "vergaderings" toe gaan. Maar soos tyd aangaan, sal die meeste van ons weer moet terugkeer na een of ander vorm van 'n formele kantoor.

In vandag se studie kyk ons hoe om jou beroep te RE:BOOT:

RE:BOOT – Jou Beroep

Tema teks: Genesis 1:27-31
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Ons het al na hierdie teksgedeelte gekyk. Wat hier baie duidelik is, is dat die Here ons geskep het met die doel om te werk. Hy het ons nie gemaak om heeldag niks te doen nie.

Toe die Here vir Adam en Eva geskep het, het Hy hulle geseën en vir hulle die opdrag gegee: "Bewoon en bewerk die aarde!" Kom ons kyk in meer diepte na die betekenis van hierdie woorde.

Jou werk, jou eerste roeping
Lees **Genesis 1:28**

Die mens se heel eerste opdrag wat hy van God gekry het, was om die aarde te bewoon en te bewerk. Dit was nie net 'n opdrag aan Adam nie, maar ook Eva s'n.

Ons sien dat baie mense dink dit is 'n straf om te werk. Hulle beskou dit as 'n straf om in die oggende op te staan en hulleself reg te kry vir werk. Dit is egter die verkeerde gesindheid. Hierdie gesindheid maak dat ons nooit ons werk sal kan doen met 'n dankbare hart nie.

Waarom is werk dan so swaar? Kom ons bespreek dit.

Gespreksvraag:
Lees **Genesis 1:27** en **3:17-19**. Wat lees ons in die eerste gedeelte rondom ons werk? Wat lees ons in die tweede gedeelte? Wat het gebeur en wat is die implikasie daarvan? _____
_____
_____
_____

Werk eerbaar en werk hard
Lees **Jeremia 29:7**

Dit is duidelik dat werk ons eerste roeping is. Dit is ook duidelik dat, omdat Adam en Eva ons in sonde gedompel het, die wêreld soos ons dit nou ken, werk baie moeilik maak vir ons.

In **Jeremia 29:7** lees ons dat die volk in ballingskap weggevoer is. Die Here gee die volk die opdrag om die land te bewerk en die stad se belange te bevorder. Die rede daarvoor? As hulle die vreemde land bewerk waarin hulle is, trek hulle ook die voordeel daaruit.

Dink ook aan Daniël en sy drie vriende, Sadrag, Mesag en Abbednego. Hulle was weggevoer na 'n vreemde land en hulle het in die vreemde land hard en eerlik gewerk. Hulle was daarvoor beloon met hoë poste. Dink ook aan Josef, hoe hy met sy getrouheid oor die jare hom getrou bewys het voor die Here, en toe onderkoning in Egipte geword het.

Die punt is duidelik. Die dag toe ons Jesus Christus aangeneem het, het ons sendelinge geword in hierdie wêreld. Miskien – 'n bietjie soos Paulus – moet jy tente maak vir 'n lewe. Ons is nie meer *van* hierdie wêreld nie, maar ons is wel *in* hierdie wêreld. Solank ons hier is, moet ons hard en eerlik werk.

Gespreksvraag:
Lees **2 Tessalonisense 3:10**. Wat sê Paulus vir die gemeente? Waarom sê hy dit vir hulle? Hoe is dit van toepassing op ons vandag? _____
_____
_____
_____
_____

Doen jou werk vir die Here
Lees **Efesiërs 6:7**

Ons bly in 'n land waar daar baie korrupsie is. Dit maak ons gedaan en ontmoedig ons geweldig baie. Dit voel of die Prediker ons land beskryf in **Prediker 5:7-8**:

"[7]As jy sien die armes word verdruk en daar is geen reg en geregtigheid in 'n gebied nie, moet jy jou nie daaroor verbaas nie: elkeen met gesag word beskerm deur 'n hoër gesag, en almal saam deur 'n hoogste gesag. [8]Maar dit is tot voordeel van 'n land in sy geheel dat almal aan die koning onderdanig is."

Ons oë moet egter nie op die regering wees nie. Ons oë moet ook nie op ons werkgewer wees nie. Ons doen hierdie werk in die eerste plek vir die Here. Dit maak nie saak vir wie ek werk nie, die Here is my werkgewer. My oë is op Hom. Die gehalte van my werk word nie bepaal deur my salaris, werkgewer of die land nie. My werkgehalte word gebaseer op my liefde wat ek vir die Here het!

Gespreksvraag:
Lees **Psalm 37:1-5**. Wat leer ons in hierdie verse oor ons beroep? Wat moet ons gesindheid wees teenoor die Here en teenoor ons beroep? _____
_____
_____
_____
_____

Opsomming:

Dit mag wees dat jy jou huidige werk as 'n straf beleef. Jou werksomstandighede is dalk nie die beste nie en jou salaris laat veel te wense na. In vandag se studie word ons uitgedaag om 'n gesindheidsverandering te ondergaan. Ek moet my werk doen met lus asof ek dit vir die Here doen. Die Here word my werkgewer. So 'n gesindheidsverandering is dalk al wat nodig is vir die Here om my te seën en nuwe deure oop te maak.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 7

Iets om te onthou

My werk is my eerste roeping in hierdie lewe. Die Here is my werkgewer; ek doen my werk vir Hom.

Vers om te onthou

"Slawe, wees in alles gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde. Moenie net werk om deur hulle raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie, maar werk met 'n opregte hart uit eerbied vir die Here." **(Kol 3:22)**

Vraag om oor na te dink

Hoe kan ek my gesindheid verander teenoor my werk, werkgewer en kollegas?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat U vir my die vermoë gegee het om werk te doen. Vergewe my dat ek soms die verkeerde gesindheid het wanneer dit by my beroep kom. Help my om my werk vir U te doen. Help my om nie my oë op mense of my salaris te hou nie, maar om my werk met lus vir U te doen. AMEN

RE:BOOT Jou Finansies

100%

"Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes..." **(Spr 3:9)**

Financial pursuits and gains are not the key to happiness; the key is keeping God first. – Paul Chappell

WEEK 8

Inleiding

Van al die onderwerpe waaroor ons kan gesels, is daar twee wat die meeste sensitief is. Een van die twee is Finansies. As 'n reël is ons baie privaat oor ons finansies. Dit bring mee dat ons nie graag oopmaak oor ons finansiële situasie nie en dit maak weer op sy beurt dat ons nie regtig kan leer nie.

In die laaste paar maande het baie van ons se finansies 'n geweldige knou gekry. Besighede het toegemaak, mense het hulle werk verloor en nog ander se salarisse is met tot 20% gesny. Dit het 'n geweldige maatskaplike en emosionele effek op ons almal.

Soos die grendeltyd gelig word, is ons almal besig om voorraadopname te neem en te kyk wat staan nog nadat die stof gaan lê het.

In vandag se studie kyk ons na finansies.

RE:BOOT – Jou Finansies

Tema teks: Jakobus 4:13-17
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Let op dat die Here nie 'n probleem het met die feit dat ons geld maak nie. In hierdie gedeelte is die probleem nie dat daar gewerk, besigheid gedoen word en geld gemaak word nie. Die probleem is dat geld die afgod word! Jesus het ons ook hierteen gewaarsku in **Matteus 6:24**.

Kom ons kyk na 'n paar duidelike riglyne in die Skrif rondom ons finansies.

Werk slim
Lees **Lukas 16:1-9**

Jesus vertel hierdie baie interessante gelykenis vir sy dissipels. Hy sluit dan af met die gedagte dat hierdie wêreld slimmer werk met hulle geld as die kinders van die lig. Dan moedig Jesus die dissipels aan om slimmer en strategies te werk met hulle geld.

Hierdie waarheid het ek ook al gesien by baie gelowiges en veral predikante. Hulle werk nie slim met hulle geld nie. Wat ons egter moet verstaan, is dat geld maar net een van die bronne is wat die Here vir ons gegee het hier op aarde. Ek moet verantwoordelik en slim werk met dit wat die Here vir my gegee het. Ek is 'n rentmeester oor my geld.

Dit mag wees dat ek nie heeltemal finansieel aangelê is nie. Dit maak dit dan net nog meer noodsaaklik dat ek 'n baie goeie finansiële adviseur moet aanstel. Wanneer dit kom by my geld, moet ek nie speletjies speel nie. Of ek min en of ek baie het, die Here verwag van my om verantwoordelik daarmee op te tree.

Gespreksvraag:
Lees **Spreuke 12:15** en **19:20**. Hoe is hierdie verse van toepassing op my finansies? _____
_____
_____
_____

Spaar en belê vir die toekoms
Lees **Spreuke 10:4-5**

In die 1953-Vertaling klink vers 5 so:

"Hy wat in die somer wegbêre, is 'n verstandige seun; hy wat vas slaap in die oestyd, is 'n seun wat skande maak."

In **Genesis 41** lees ons die verhaal van Josef wat Farao se drome uitlê. Die Here waarsku Farao dat daar 'n 7 jaar tydperk van oorvloed kom en dat dit gevolg gaan word deur 7 jaar hongersnood. Josef se taak was om in die 7 jare van oorvloed te spaar vir die hongersnood.

Daar is baie te leer uit hierdie verhaal. Wanneer jy skool verlaat, begin jy ondervinding opdoen en jou salaris word progressief meer. Oor 'n tydperk bereik jou inkomste 'n piek en iewers in jou 60's word daar van jou verwag om af te tree.

Baie mense maak die fout om die geld wat hulle maak, uit te leef en nie te spaar en te belê vir die toekoms nie. Wanneer dit kom by finansies, moet ons nie kanse vat nie. Ons moet ons kinders leer om so vroeg as moontlik te begin spaar en belê. Soos Josef gemaak het in die 7 jare van oorvloed: hy het belê en weggesit vir die 7 jare van hongersnood.

Gespreksvraag:
Lees **Spreuke 13:11** en **21:20**. Watter raad gee Salomo vir ons in hierdie verse? Hoe kan ons dit toepas? _____
_____
_____
_____

Gee vir die Here se werk wat Hom toekom
Lees **Lukas 20:25**

In **2 Korintiërs 9:6** lees ons dat Paulus die gemeente aanspreek omdat hulle so karig bydra vir die werk van die Here. Hy sê:

"Wie karig saai, sal karig oes en wie volop saai, sal volop oes!"

Wanneer jy die hele gedeelte versigtig lees, kom jy agter dat Paulus vir die gemeente sê dat die werk van die Here enorme skade ly omdat hulle so karig finansieel bydra. Dit is omdat hulle nie finansieel bydra nie, dat die werk van die Here nie vorentoe gaan nie.

'n Ander voorbeeld is Lidia die purperverkoopster. Ons lees in **Handelinge 16** dat sy tot bekering gekom het. Hierna het sy getrou en gereeld die werk van die Here finansieel ondersteun. Met oorlewering verstaan ons dat sy groot dele van Paulus se sendingreise sterk finansieel ondersteun het.

Waarom is dit noodsaaklik vir ons om te gee? Lees die verse en skryf neer waarom ons finansieel vir die werk van die Here gee:

i. _____ **(1 Kor 9:4, 11, 14)**
ii. _____ **(Hand 11:29-30)**
iii. _____ **(Jak 2:14-17)**
iv. _____ **(2 Kor 11:8-9)**

Gespreksvraag:
Lees **2 Korintiërs 9:6-8**. Wat moet ons gesindheid wees wanneer ons gee volgens hierdie verse? _____
_____
_____
_____

Opsomming:

Wanneer dit kom by ons finansies moet ons onthou: *"Alles behoort aan die Here"* **(1 Kor 10:26)** – ons finansies ook. My geld is nie eintlik my geld nie, dit is net aan my geleen. Ek is net 'n rentmeester daaroor. Daarom moet ek seker maak dat ek in alles die Here eer, veral wanneer dit kom by hoe ek my finansies hanteer en bestuur.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 8

Iets om te onthou

My finansies behoort aan die Here; dit is net aan my geleen. Ek moet daarom verantwoordelik met my geld optree.

Vers om te onthou

"Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes." **(2 Kor 9:6)**

Vraag om oor na te dink

Hoe moet ek anders dink oor my geld? Hoe kan ek beter verantwoordelikheid aanvaar vir dit wat die Here my gegee het?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie vir elke rand en sent waarmee U my toevertrou. Help my om my nooit met ander te vergelyk nie, maar dat ek U sal eer in die manier hoe ek my geld spandeer, belê en bestuur. AMEN

Slotwoord

"As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs." **(Psalm 127:1)**

After all is done, may we rise up and do better. – Onbekend

Ons het aan die einde van 8 weke van doelgerigte Bybelstudie gekom waardeur ons herinner is dat die Woord van God, deur al die eeue, altyd 'n anker in tye van uitdaging en voorspoed is.

Ons het heerlik gesels oor Bybelse ankerpunte wat sin maak en aan ons riglyne gee wat 'n onafwendbare RE:BOOT suksesvol inisieer. Ds. Johan het ook aan ons kom wys dat die fondasies van ons menswees gereeld in oënskou geneem moet te word.

Al wat nou oorbly, is dat ons mekaar moet opbou met Bybelse waarhede terwyl ons met die werklike storms van 2020 worstel. Ons is in staat om steeds koers te hou, al faal alle mensgemaakte planne en voorstelle.

Kom ons RE:BOOT alle fasette van ons menswees en volhard in en deur Sy genade.

Ds. Chris Heunis

Ander Bybelstudies

5 Solas - 5 Ankers

Daar is vyf ononderhandelbares vir ons geloof wat gedurende die Protestante Reformasie gedefinieer is. In hierdie reeks bestudeer ons die 5 Ankers en ons maak seker dat ons geloof hierin geanker en gewortel is.

Genesis

Die Ou Testament en Genesis is nét so van toepassing vandag. In hierdie studie kyk ons na Genesis deur die bril van die Nuwe Testament en bied 'n verfrissende perspektief op die belangrikheid van Genesis in ons geloof.

Volg My

Dissipelskap is elkeen van ons se ware roeping. Hierdie studie volg die dissipels van waar hulle geroep is tot waar hulle uitgestuur is. Dit bied 'n uitdaging aan ons as Christene om onsself af te vra: "Volg ons Jesus werklik?"

Karakter van God

'n Studie van God se karaktereienskappe. Deur na God se karaktereienskappe te kyk, leer ons God beter ken en verstaan ons beter wat God van ons verwag.

Dis Oorlog

'n Verfrissende studie oor die Christen se Wapenrusting. Wanneer dit kom by Geestelike Oorlogvoering is daar baie wanopvattings daar buite. Hierdie studie bied 'n eenvoudige, Bybelse benadering tot hierdie onderwerp.

Kindskap

Wat beteken dit om 'n kind van God te wees? Hierdie studie kyk na hoe ons ons identiteit in Christus vind en ons kindskap aanvaar.



Jabes

Hierdie studie bied ‘n nuwe blik op Jabes se gebed waar dit weg beweeg van voorspoedteologie. Jabes se gebed word besigtig vanuit ‘n Nuwe Testamentiese perspektief. Ons kyk na die belangrikheid van gebed en ‘n goeie verhouding met die Vader.

Waardes

Waardes definieer ons lewens en is soos ‘n kompas wat ons op die regte pad hou. In hierdie studie kyk ons na die waardes wat ons op die pad van die Woord hou en hoekom waardes belangrik is in ons lewens.

Waarde van die Woord

Sekularisme het ons lewensbenadering baie kom verander. Ook die hoofstroom kerk het ongelukkig nou ‘n meer liberale teologiese aanslag. Hierdie studie daag ons uit om die Bybel weer as die Woord van God te ag en daarvolgens te lewe.

Vir Botter of vir Wors

Die huwelik is bedoel om "For Better or for Worse" te wees. In hierdie studie kyk ons na relevante onderwerpe waarmee getroude paartjies gekonfronteer kan word. Doen hierdie studie as 'n voorhuwelikse of huweliksverrykingskursus.

Internet vir Christene

Hierdie reeks bied aan die Christen Bybelse filters vir hoe om die internet, sosiale media en selfoonkommunikasie tot eer van God te gebruik. Dit help die Christen om seker te maak dat hy/sy 'n goeie "aanlyn-getuienis" uitleef.



Radikaal

Om 'n dissipel van die Here Jesus te wees, is radikaal - dit is anders as die wêreld. Hierdie reeks kyk na die verskillende fasette van ons geloof en daag ons uit om 'n radikale lewe in Christus te leef.

Kruiswoorde

'n Sterwende persoon se laaste woorde is gewoonlik baie belangrik en dit is dié woorde wat ons onthou. Hierdie studie gee vir ons die dieper betekenis agter Jesus se laaste woorde aan die kruis wat vir ons van groot waarde is.

7 Tipes Gelowiges

Hierdie studie kyk na die 7 gemeentes in Openbaring 1-4 aan wie daar geskryf word. Ons kyk na wat in elke gemeente gebeur het en wat ons daaruit kan leer.



Die Vrae Wat Mense Vra

Ons het ons gemeente gevra watter vrae hulle het rondom geloofsake. In hierdie reeks kyk ons na die top vrae wat gevra is en antwoord dit deur te kyk na wat die Bybel leer en wat ons as Christene behoort te weet omtrent elke onderwerp.



Identiteit

Wanneer ek ‘n Kind van God word, kry ek ‘n nuwe identiteit - Christus se identiteit. Ons leer met behulp van hierdie Bybelstudie wat die Woord sê wat hierdie identiteit is, en hoe ons dit moet uitleef.

Kenmerke van ‘n Geestelik Volwasse Gelowige

Dit is ‘n opdrag in die Woord van God dat ons geestelik volwasse in Christus moet word. In hierdie reeks leer ons hoe om geestelik te groei om uiteindelik soos Jesus te lyk.

Notas

Notas

Notas

Notas